



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
VIRTUEEL GEHOU VRYDAG, 19 JUNIE 2020 OM 10:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdl O M Semele
Raadsheer R F van der Westhuizen
Raadsdame M van Zyl

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl O M Semele open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Speaker, rdl M A Rangasamy.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 22 MEI 2020**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Mei 2020 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU OP
10 JUNIE 2020**

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

**5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 10 JUNIE
2020**

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE**7.1 VOORLEGGING VAN DIE 2020/2021 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)**

Die doel van die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

Die SDBIP moet, onder andere, die volgende insluit:

- projeksies vir elke maand van (1) inkomste wat ingevorder gaan word, per bron en (2) bedryfs- en kapitaaluitgawes per pos;
- diensleweringsteikens en prestasie-aanwysings vir elke kwartaal.

Die SDBIP vir die 2020/2021 finansiële jaar is apart tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat die aangehegte 2020/2021 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) goedgekeur word.

7.2 VOORLEGGING VAN DIE 2020/2021 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN -PLANNE (2/4/2)

Die prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2020/2021 finansiële jaar is opgestel ooreenkomstig Artikel 57 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselwet, 2000 en dien as 'n vervangende addendum tot die aanstellingskontrakte van die Munisipale Bestuurder en direkteure.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2020/2021 finansiële jaar.

7.3 BETALING VAN WYKSKOMITEELEDE GEDURENDE DIE STAAT VAN INPERKING (3/4/4/1)

Die 2020-vergaderingskedgeule, ingesluit die datums van wykskomiteevergaderings, is gedurende Augustus 2019 deur die Raad goedgekeur.

7.3/...

Die wykskomiteevergaderings kan egter nie plaasvind nie, weens die Regulasies uitgevaardig deur CoGTA ingevolge die Rampbestuurswet wat 'n verbod op die hou van publieke vergaderings plaas.

BESLUIT

- (a) Dat daar in terme van paragraaf 17(b) van die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees oorweeg word om alle wykskomiteeëde te vergoed vir geskeduleerde wykskomiteevergaderings wat nie gehou kan word weens die staat van inperking nie;
- (b) Dat die vergoeding gelykstaande sal wees aan die sittingsfooi vir die bywoning van wykskomiteevergaderings;
- (c) Dat die vergoeding van wykskomiteeëde gedurende die nasionale inperking goedgekeur word vir die volgende redes:
 - (i) As gevolg van die verbod op die hou van vergaderings kan die geskeduleerde vergaderings nie plaasvind nie;
 - (ii) Wykskomiteeëde is betrokke by hulpverlening aan die gemeenskappe gedurende die nasionale inperking, bv. by sokombuise en derhalwe die lewering van 'n essensiële diens op 'n voortgesette basis om 'n funksionele wykskomiteestelsel te verseker gedurende die staat van inperking;
 - (iii) Wykskomiteeëde moet beskikbaar wees om die wyskraadslid by te staan gedurende die nasionale inperking, soos wat die behoefte mag ontstaan;
 - (iv) Om die kontinuïteit van die wykskomiteestruktuur na afloop van die nasionale inperking te verseker.

7.4 NOTULE VAN DIE VERGADERING VAN DIE PRESTASIE- EN RISIKO OUDITKOMITEE GEHOU OP 25 FEBRUARIE 2020 (5/15/1/3)

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van Artikel 166 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 25 Februarie 2020 is met die sakelys gesirkuleer en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 25 Februarie 2020;
- (b) Dat 'n Sertifikaat van Verdienstelikheid aan me M Roos na afloop van haar dienstermyn oorhandig word as erkenning van waardevolle diens gelewer aan Swartland Munisipaliteit as lid en voorsitter van die Prestasie- en Risiko Ouditkomitee.

7.5 SONDEZA AFRI-JEUGINISIATIEF: EVALUERINGSVERSLAG 2019 (17/2/2/1)

Die Evalueringsverslag ten opsigte van die 16de Sondeza-Jeuginisiatief, soos opgestel deur die kampkoördineerder, is met die sakelys gesirkuleer.

Die voorsitter rig 'n spesiale woord van dank aan me I Loock wat as kampkoördineerder baie hard werk om 'n suksesvolle kamp te verseker. Die voorsitter noem dat dit duidelik is uit die kommentaar van die jeugdige wat die kamp bygewoon het, dat dit 'n blywende indruk gelaat het.

Die voorsitter bevestig dat die Sondeza Afri-Jeuginisiatief vir 2020 ongelukkig afgestel is as gevolg van die impak van die COVID-19 pandemie.

7.5/...

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die evalueringsverslag, soos opgestel deur die kamp-koördineerder, me I Looek, ten opsigte van die 16de Sondeza Afri-Jeuginisiatief wat plaasgevind het vanaf 27 November tot 16 Desember 2019;
- (b) Dat verder kennis geneem word dat die Sondeza Afri-Jeuginisiatief vir 2020 afgestel is as gevolg van die impak van die COVID-19 pandemie op die:
 - (i) Befondsing van die kamp weens die drastiese inkorting van die 2020/2021 begroting;
 - (ii) Internasionale rolspelers wat nie gereadig beskikbaar is nie, onder andere die Duitse afvaardiging wat nie vanjaar die kamp sal kan meemaak nie;
 - (iii) Bywoning deur jeugdige, aangesien die skooltermyne na verwagting tot laat in Desember sal loop.

7.6 BESTUUR EN BEHEER VAN DIE YZERFONTEIN-HAWE: VERLENGING VAN OOREENKOMS MET MNR A CREWS (17/5/1/1)

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat die verslag ten doel het om die diensleweringsooreenkoms met mnr A Crews ten opsigte van die bedryf van die Yzerfontein-hawe te verleng, ten einde die administrasie die geleentheid te gee om die tenders wat ingewin is te evalueer.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word om die ooreenkoms met mnr Ashley Crews vir die Bestuur en Beheer van die Yzerfontein-hawe met twee (2) maande te verleng vanaf 1 Julie 2020 tot 31 Augustus 2020 en dat die voorwaardes van die bestaande ooreenkoms sal geld.

7.7 HERSIENING VAN RAMPBESTUURSPLAN VIR DIE SWARTLAND (17/5/1/1)

Die goedgekeurde Rampbestuursplan moet jaarliks hersien word om die inhoud op datum te bring met enige wysigings, onder andere, die herevaluering van risiko's om die gepaardgaande risikoverminderingplanne op te stel.

Die grootste risiko's vir Swartland Munisipaliteit is:

- (1) Droogte
- (2) Uitheemse indringerplante
- (3) Onderbreking in watervoorsiening
- (4) Vloede
- (5) Seismiese aktiwiteite
- (6) Veldbrande
- (7) Diersiektes
- (8) Protesoptogte
- (9) Grondbesetting
- (10) COVID-19 pandemie (wat as 'n nuwe risiko toegevoeg is)

Die opgedateerde Rampbestuursplan is apart tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die 2020 hersiende Rampbestuursplan asook die instemming van al die departemente om as deel van hul daaglikse take aan die vermindering van risiko's aandag te gee;
- (b) Dat spesifiek kennis geneem word van Aanhangsel H, COVID-19 Paraatheidsplan, wat opgestel is na aanleiding van die Regulasies wat ingevolge die Rampbestuurswet uitgevaardig is om aspekte rondom die verpreiding van COVID-19 aan te spreek;
- (c)/...

7.7/...

- (c) Dat die 2020 hersiende Rampbestuursplan vir die Swartland munisipale area goedgekeur word, op voorwaarde dat die plan jaarliks hersien sal word om sodoende te verseker dat die inhoud altyd relevant en op datum is;
- (d) Dat, soos deur die Rampbestuurswet voorgeskryf, 'n afskrif van die goedgekeurde hersiende plan voorsien word aan die Weskus Rampbestuursentrum, Provinsiale Rampbestuursentrum asook die Nasionale Rampbestuursentrum.

7.8 SWARTLAND MUNISIPALITEIT; 2020 HERSIENDE BESIGHEIDKONTINUÏTEIT- EN RAMPHERSTELPLAN (17/5/1/1)

Die hersiende Besigheidkontinuiteit- en Rampherstelplan vir 2020 is apart tot die sakelys gesirkuleer en wysigings behels grotendeels die opdatering van kontakbesonderhede.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die wysigings wat aangebring is aan die Besigheidskontinuiteit- en Rampherstelplan;
- (b) Dat die hersiende 2020 Swartland Besigheidskontinuiteit- en Rampherstelplan goedgekeur word.

7.9 VERVANGING VAN VOORAFBETAALDE ELEKTRISITEIT VENDORSTELSEL OM VOORSIENING TE MAAK VIR AANKOPE VAN ELEKTRISITEIT DEUR MIDDEL VAN INTERNET GEBASEERDE TOEPASSINGS (6/1/2/2)

Die Raad het reeds talle versoeke ontvang om 'n stelsel te implementeer wat kliënte in staat sal stel om deur middel van internet gebaseerde toepassings voorafbetaalde elektrisiteit te kan aankoop.

Die Direkteur: Elektriese Dienste behandel die verslag wat volledige inligting bevat aangaande die tekortkominge van die bestaande vendorstelsel, maar ook die uitdagings, spesifiek finansiële van aard, wat die implementering van 'n nuwe stelsel te weeg bring.

BESLUIT

- (a) Dat in-beginsel goedkeuring verleen word vir die oordrag van die totale databasis van rekeninge vir voorafbetaalde elektrisiteit vanaf die munisipale finansiële stelsel na die hosting daarvan deur 'n privaat maatskappy onder toesig en instandhouding van die Munisipaliteit ten opsigte van die vereiste sekuriteitsprotokol;
- (b) Dat kennis geneem word van die geskatte bykomende uitgawes van 3% tot 5% van die totale inkomste uit voorafbetaalde elektrisiteit, bankkoste uitgesluit, vir die implementering van internet gebaseerde toepassings vir die betaling van voorafbetaalde elektrisiteit, aangesien daar nie voorsiening gemaak is vir die moontlike addisionele uitgawe in die nuwe MTREF nie gegewe die belangrikheid in die huidige omstandighede om inkomstestrome meer effektief te beskerm;
- (c) Dat daar kennis geneem word dat die bykomende uitgawes vir 'n nuwe vendorstelsel verhaal moet word deur middel van die infasering van verhoging in elektrisiteitstariewe, bo en behalwe die normale jaarlikse tariefverhoging, onderhewig aan goedkeuring deur NERSA;
- (d) Dat spesifikasies opgestel word om tenders vanaf privaat maatskappye aan te vra vir die oordrag van die databasis van die voorafbetaalde rekening, die administrasie daarvan en die verskaffing van vendordienste;
- (e)/...

7.9/...

- (e) Dat, onderhewig aan die evaluering, beoordeling en toekenning van die tender, die wyse ten opsigte van die geleidelike infasering van die addisionele uitgawes oorweeg word, naamlik:
- (i) die verhoging van alle elektrisiteitstariewe (geskatte toename = 0.8% tot 1.3%);
 - (ii) die verhoging in slegs voorafbetaalde elektrisiteitstariewe (geskatte toename = 3% tot 5%);
 - (iii) ander opsies om addisionele uitgawes te absorbeer;
- (f) Dat kennis geneem word dat geen nuwe projekte befonds kan word nie, gegewe die huidige tekorte in die begroting. Derhalwe sal die toekenning van die tender en wanneer die eenmalige koste vir die implementering van die nuwe vendorstelsel bekend is, onderhewig wees aan die herallokering van fondse binne die bestaande begroting, indien moontlik.

7.10 UITSTAANDE DEBITEURE: MEI 2020 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die voorsitter spreek sy teleurstelling uit teenoor munisipale amptenare wat nie hul munisipale rekening betaal nie, teenoor die betalingskoers van besighede wat ten spyte van die staat van inperking hul verpligtinge teenoor die Munisipaliteit nagekom het.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat na gesprekvoering met die betrokke munisipale amptenare alle skulde vereffen is. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat amptenare wat op 'n gereelde basis hulle aan voormelde skuldig maak, versoek sal word om debietordes aan te gaan om die betaling van munisipale rekening te verseker.

Die Munisipale Bestuurder noem ook dat die Premier genader sal word om besonderhede te voorsien van alle staatsamptenare in die munisipale gebied, aangesien daar ook van hierdie amptenare verwag word om nie agterstallig te raak met munisipale rekeninge nie.

'n Verdere maatreël om uitstaande debiteure aan te spreek is dat 'n reëling met huishoudings getref sal word waarvan die dienstehouer oorlede is, dat indien daar nie heraansoek vir dienste gedoen word nie, die huishouding se water afgesny sal word.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Mei 2020.

7.11 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Mei 2020 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: APPOINTMENT OF TRACK VISION SOLUTIONS FOR RATE REVENUE RECONCILIATION OAND DATA CLEANSING TO BILLING AND DEEDS RECORDS (8/1/B/2)

Daar word al hoe meer druk op munisipaliteite deur Nasionale Tesourie geplaas om te voldoen aan Artikel 18 van die MFMA wat onder andere bepaal dat die jaarlikse begroting slegs befonds kan word uit realistiese verwagte inkomste wat geïen staan te word.

Dit is dus noodsaaklik dat die waardasierol van die Munisipaliteit versoen moet word met die rekeningstelsel om te verseker dat die inkomste wat uit eiendomsbelasting verwag word wel akkuraat is. 'n Verdere stap kan wees om die voormelde te versoen met die rekords van die Aktekantoor.

7.12/...

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aanstelling van *On Track Vision Solutions* vir die bedrag van R194 800.00 (BTW ingesluit) vir inkomste rekonsiliasie en data-opruiming;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) dit word as 'n noodsaaklik beskou dat die Munisipaliteit voor 30 Junie 2020 'n proses volg van om data-opruiming en die rekonsiliasie van die waardasierol met die rekeningstelsel om te verseker dat die inkomste wat uit eiendomsbelasting verwag word, akkuraat is;
 - (ii) dit is nie moontlik om die formele verkrygingsprosesse te volg nie, wat onder andere, behels dat die informele tender vir 7 dae geadverteer moet word;
 - (iii) dit is nie moontlik vir voornemende tenderaars om weens die reisverbod tenders in te dien nie, en teenwoordig te wees vir die oopmaak van die tenders nie, met verwysing na die inperkingsmaatreëls wat deur CoGTA (nasionaal) afgekondig is met betrekking tot essensiële dienste;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R194 800.00 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/212-177-887 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: COVID-19 GEMEENSKAPSBEWUSMAKING- EN VOORKOMINGSVELDTOG (8/1/B/2)

Ingevolge die inperkingsmaatreëls soos afgekondig deur die Nasionale Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, Dr Nkosazana Dlamini Zuma, onder die Rampbestuurswet is die Republiek tans onder Vlak 3 van inperking.

Die Weskus Distriksmunisipaliteit is onder die Vlak 3 inperking as 'n hotspot verklaar, waar nuwe positiewe gevalle van COVID-19 drasties toeneem. In die Swartland munisipale gebied is Malmesbury geïdentifiseer as 'n hotspot met 104 COVID-19 positiewe gevalle op 11 Junie 2020.

Effektiewe kommunikasie in die hotspot-areas is van uiterste belang om gemeenskappe op te voed in gesondheidspraktyke om COVID-19 te bekamp.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aanstelling van *Thompson Trust* vir die bedrag van R35 000.00 (BTW uitgesluit) vir die COVID-19 bewusmakingsveldtog in kwesbare gemeenskappe in die Swartland;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die belangrikheid om 'n eenvormige boodskap insake COVID-19 aan alle gemeenskappe in die Weskustreek te kommunikeer, in lyn met die veldtog van Bergrivier Munisipaliteit aangrensend tot Swartland;

- (ii) Die dringendheid om die boodskap aan kwesbare gemeenskappe oor te dra op hierdie vroeë stadium om die verspreiding van die COVID-19 virus in die Swartland te bekamp, wat reeds as 'n COVID-hotspot verklaar is;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R35 000.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/201-269-891 (kommunikasie) verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DIENS VAN-EN KALIBRERING VAN ENDRESS + HAUSER LEVEL SENSORS BY DIE DARLING RIOOLSUIWERINGSWERKE (WWTW) (8/1/B/2)

Die Darling WWTW is toegerus met sensors wat die outomatiese aanskakeling/afskakelingsfunksie van die rou riool-invloeiopompe reguleer. Die sensors het onklar geraak en dringende herstelwerk is benodig.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met verwysing na die dringende herstelwerk van die Endress+Hauser Level Sensors by die Darling WWTW deur Henntech Services ten bedrae van R51 826.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Henntech Services is die plaaslike vervaardiger van diensagent van Endress+Hauser instrumentasie;
 - (ii) Die dienste kan slegs deur die alleen-diensverskaffer gelewer word;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R51 826.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/240-427-115 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN VSD, AERZEN BLOWERS: MALMESBURY RIOOLSUIWERINGSWERKE (WWTW) (8/1/B/2)

Die Malmesbury WWTW maak gebruik van membraantegnologie wat, onder andere, die belugting van die membrane behels. 'n Komponent, *Variable Speed Drive (VSD)* van die belugtingsproses het onklar geraak en dringende herstelwerk genoodsaak.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met verwysing na die dringende herstelwerk van die *Aerzen Blowers* by die Malmesbury WWTW deur WJ Cotter Electrical ten bedrae van R48 643.00 (BTW uitgesluit);

- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) die belugter sou vir 'n geruime tyd buite werking wees as die normale verkrygingsproses gevolg is;
 - (ii) voormelde sou aanleiding gegee het tot die ineenstorting van die behandelingsproses en moontlike beskadiging van die membrane;
 - (iii) die herstelwerk aan die VSD is dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R48 643.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/240-427-115 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE VULLISVERWYDERINGSVRAGMOTOR, CK 44823 (8/1/B/2)

Die vullisverwyderingsvragmotor, CK 44723, word in Darling en Yzerfontein aangewend om 'n volhoubare vullisverwyderingsdiens aan te bied. Die vragmotor het onklaar geraak en dringende herstelwerk is benodig.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om dringende herstelwerk aan die vullisverwyderingsvragmotor, CK 44823, ten bedrae van R83 062.42 (BTW uitgesluit) te laat doen;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) Die vragmotor sou vir 'n geruime tyd buite werking wees;
 - (ii) Voormelde sou lei tot vermindering in kapasiteit om die vullisverwyderingsdiens volhoubaar te lewer wat 'n publieke gesondheidsrisiko inhou;
 - (iii) Die herstelwerk aan die vragmotor is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe van R83 062.42 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/241-1253-709 verreken word en dat daar bevestig word dat voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN ONTSMETMIDDEL VIR ESSENSIËLE DIENSTE (8/1/B/2)

Vullisverwydering word geag 'n essensiële diens en is dit noodsaaklik dat die diens doeltreffend gelewer moet word gedurende die nasionale inperking. Die volle vullisverwyderingspanne het dus vanaf die eerste afkondiging van die nasionale inperking normaal gefunksioneer ten einde dieselfde standaard vullisverwyderingsdiens in die Swartland munisipale gebied te lewer.

Dit word as noodsaaklik beskou om die werknemers in die vullisverwyderingspanne teen die COVID-19 virus te beskerm. 'n Voorkomingsmaatreël wat ingestel is, is om alle vullissakke en -dromme met ontsmetmiddel te bespuit alvorens dit deur die vullisverwyderingspan hanteer word.

7.17/...

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word vir die aankoop van 10 x 25 liter ontsmetmiddel ten bedrae van R31 625.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) Die vullisverwyderingsdiens sou opgeskort moes word;
 - (ii) 'n Staking in die verwydering van vullis sal aanleiding gee tot 'n publieke gesondheidsrisiko;
 - (iii) Die aankoop van ontsmetmiddel is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe van R31 625.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/240-227-3005 verreken word en dat daar bevestig word dat voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.18 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DOMPELPOMP BY DIE INLAATWERKE: DARLING RIOOLSUIWERINGSWERKE (8/1/B/2)

Die doeltreffende funksionering van die inlaatwerke by die Darling WWTW wat toegerus is met twee dompelpompe is van uiterste belang in die riool-suiweringsproses.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met verwysing na die dringende herstelwerk van die dompelpomp by die Darling WWTW deur Cape Armature Winders ten bedrae van R34 755.30 (BTW ingesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) die dompelpomp sou vir 'n geruime tyd buite werking wees as die normale verkrygingsproses gevolg is;
 - (ii) voormelde sou aanleiding gegee het tot die ineenstorting van die behandelingsproses en onderbreking in dienslewering;
 - (iii) die herstelwerk aan die dompelpomp is dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R34 755.30 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/240-849-381 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.19/...

7.19 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DIE VOORSIEN EN INSTALLERING VAN PERSPEX SKERMS BY VERSKEIE ONTVANGSAREAS IN MUNISIPALE KANTORE OM DIE VERSPREIDING VAN COVID-19 TE BEKAMP (8/1/B/2)

Werkgewers is verantwoordelik om te voldoen aan die Regulasies wat afgekondig is om die verspreiding van die COVID-19 virus in die werkplek te bekamp. Die Minister van Indiensneming en Arbeid, onder andere, het beroepsgeondheid- en veiligheidsriglyne ten opsigte van die beskerming van werknemers teen COVID-19 virus in die werkplek uitgevaardig.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die voorsiening en installering van Perspex-skerms deur Uni Building and Maintenance by verskeie ontvangsareas in munisipale kantore teen die bedrag van R32 104.00 (BTW uitgesluit) vir die beskerming van werknemers teen die COVID-19 virus;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Om te voldoen aan wetlike vereistes deur die instelling van voorkomende maatreëls in die bekamping van COVID-19;
 - (ii) Om die verspreiding van COVID-19 virus te voorkom en om die gesondheid en veiligheid van werknemers en die publiek te bevorder deur die installering van fisiese afsperings by hoë risiko areas;
 - (iii) Die installering van fisiese afsperings is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R35 000.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/201-269-891 (kommunikasie) verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.20 AFSKRYWING VAN ONINBARE EN ANDER SKULDE: JUNIE 2020 (5/7/3)

Die Skedule A tot die verslag reflekteer die totale bedrag van R1 138 739.91 wat afskryfbaar is ten opsigte van deernishuishouding, terwyl die Skedule B die totale bedrag van R458 680.67 ten opsigte van uitstaande debiteure reflekteer wat oninvorderbaar is.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R1 138 739.91 ten opsigte van deernishuishoudings, afgeskryf word as oninvorderbaar;
- (b) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R458 680.67 ten opsigte van ander uitstaande debiteure, afgeskryf word as oninvorderbaar soos per die individuele redes;
- (c) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie,

7.20(c)/...

die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

- (d) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;
- (e) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;
- (f) Dat verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosio-ekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;
- (g) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemaak was, weer tydens die volgende vergadering voorgelê sal word;
- (h) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruikelike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;
- (i) Dat die Kredietbeheerafdeling poog om besoeke aan die deernishuishoudings te bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om die installeering van 'n waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan die deernishuishoudings te verduidelik, ten einde voorkomende Kredietbeheer toe te pas;
- (j) Dat verdere goedkeuring verleen word dat die kostes met betrekking tot die vervanging van die konvensionele elektrisiteitsmeter deur 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter, deur die Munisipaliteit gedra word en dat die Hoof Finansiële Beampte die kostes van die Deernistoekenning sal verhaal;
- (k) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van toekomstige pogings om aansluitings te beperk in 'n poging om verbruikers te dwing om die nodige dienste aansluitings aan te gaan.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**